KSM 0001-0003-001

1961






# ZOELOE-BEELDHOUER

*Deur EDAL MARCUS*

VYF JAAR gelede het die talent van 'n jong
Zoeloe, Sydney Kumalo, begin opval.
)ie kragtige en spontane beeldhouwerk van
lie toe sewentienjarige jong man is aanvank-
ik met 'n skouerophaling en 'n „wag-en-sien-
ouding" begroet. In 'n wêreld van botsende
lanke en nie-blanke invloede, en die gees-
elike vertwyfeling in die jong gemoed wat
oodwendig hieruit moes voortvloei, was
edenkinge oor Kumalo se toekoms as beeld-
ouer in 'n mate geregverdig.

Wanneer mens egter vandag op hierdie
ong loopbaan terugkyk, is dit duidelik dat
umalo hom reeds met verdienste onderskei
et. Die feit dat hy te midde van wisselende
nvloede sy integriteit behou, het veel te
loen met die soberheid en krag van sy werk.
n die agtergrond staan sy leermeester,
ecil Skotnes. Skotnes het Kumalo ver-
igtig in bane gelei waarin hy hom vol-
kome kan uitleef, terwyl hy tegelyk invloede
an buite beperk het. Kumalo het ook deel
an sy opleiding in die ateljee van die bekende
eeldhouer, Eduardo Villa, ontvang.

Sydney Kumalo is in Johannesburg
ebore, waar hy ook studeer het. Die eerste
ntoonstelling van sy werk is in 1957 in
ie Helen de Leeuw-galery gehou. In dieselfde
ar het hy opdrag ontvang om die Stasies
in die kruisweg vir die St. Peter-klaverkerk
p 'n Bantoedorp by Kroonstad uit te voer.
ı 1958 is sy werke in die Lidchi-galery in
ohannesburg vertoon. In 1960 is een
ın sy werke, „Biddende Vrou" deur die
egering aangekoop vir die Uniepawiljoen
 Milnerpark in Johannesburg.

Die werke met religieuse motiewe gee
e duidelikste beeld van Kumalo se vermoë
 beeldhouer. Hy ken nie alleen die waarde
ın eenvoud in vorm nie, maar sy kompo-
sies vloei saam met die argitektoniese
ıtwerpe waarin hulle gemonteer word.
ie twaalf Stasies van die Kruisweg, die
adonnas en die Kruisigingstonele is Ro-
aans van aard en die figure gee slegs die
senlike drama van die toneel weer, soos
voorbeeld Christus se seëning van die vrou
 die soldaat wat by die kruis waghou.

Die studie „Biddende Vrou" toon die
ınstenaar se toenemende vermoë om gesti-
erde vorm te hanteer. Die houding van die
nde wat tot rus kom in die eenvoudige,
buuste geheel, toon Kumalo se vermoë om
tail volmaak in die vorm as geheel vas te lê.
ımalo se jongste werk „Vrou" is gebeeld
 verwerking tot 'n groter formaat. Die
grip van ruimte, vlakke wat in volmaakte
ewig na binne beweeg, na die kern van die
heel, dui op die meesterskap van suiwer
rm. Maar dié werk is nie net die vormge-
ng van esteties-formele elemente nie;
 is aards en deurtrek met 'n gevoel vir die
vende en elementêre groeikrag.





„JONG VROU"



„BLINDE MEISIE"

SYDNEY KUMALO IS OP DIE OOMBLIK BESIG MET DIE VOLTOOIING VAN 'N REEKS PANELE, „DIE STASIES VAN DIE KRUISWEG", VIR



